INSTITUTE FOR ECONOMIC JUSTICE
RESEARCH POLICY ADVOCACY

AFRIKAANS

November 2025

FEITEBLADREEKS OOR GEWAARBORGDE, UNIVERSELE, BASIESE INKOMSTE

# HULLE KOM VIR DIE OUMAS

## Suid-Afrika slaan toe op "welsynsbedrog"


### Opsomming

- Suid-Afrika se maatskapliketoelaagstelsel word beskou as vol bedrog – met toelaagbetalings wat aan persone gemaak word wat nie daarop geregtig is nie en wat kwalifiserende en kwesbare mense van hul regte ontneem.
- Beskikbare data toon egter dat die meeste bedrog met maatskaplike toelaes deur staatsamptenare en roofsugtige derde partye gepleeg word – nie deur begunstigdes nie.
- Die regering het belowe om welsynsbedrog vas te vat deur middel van verskerpte hersiening, biometriese verifikasie en grootdatawaarneming.
- Hierdie teenbedrogmaatreëls teiken oorweldigend die armes – dit plaas agterdog en voldoeningsvereistes op normale begunstigdes, terwyl sistemiese korrupsie en roofsugtige uitbuiting deur private rolspelers voortduur.
- Die vereistes is veeleisend en moeilik vir die kwesbaarstes om te navigeer, en dit sluit op die ou end baie kwalifiserende mense verkeerdelik uit.
- Begunstigdes word dubbele slagoffers in hierdie stelsel – eers deur bedrieërs, en dan deur staatsagentskappe wat hulle straf vir bedrog waarvoor hulle nie verantwoordelik is nie.
- Om seker te maak dat almal 'n toelaag kry wat een nodig het, moet die regering teikening afskaf, korrupsie in die openbare sektor uitroei en streng optree teen diegene wat probeer om wins te maak uit kwesbare begunstigdes.


### Inleiding

Misbruik, vermorsing en bedrog in openbare finansies is een van die bepalende uitdagings waarmee Suid-Afrika te strei . Ons hoor elke week van die wanbesteding en vermorsing van belastingbetalers se geld, en dit het ernstige gevolge vir die nasie se vermoë om sy prioriteite te finansier en na sy mense om te sien.

Een sektor waarvan ons baie oor bedrog hoor, is maatskaplike toelaes. Bedrog in maatskaplike toelaes is veral problematies , want dit bestaan uit diefstal van fondse wat bedoel was vir kwesbare en arm kinders, persone met gestremdhede, bejaardes en mense sonder werk.

Hierdie feitestaat ondersoek bedrog in die maatskapliketoelaagstelsel. Ons vra: Wat is die algehele omvang van bedrog in maatskaplike toelaes? Waar en hoe word bedrog gepleeg? Wie pleeg dit? Wat doen die regering om dit stop te sit .. en werk dit?

Gegrond op die antwoorde op hierdie vrae, beveel ons maniere aan waarop die regering bedrog in die maatskapliketoelaagstelsel beter kan bestry en om die regte en aansprake van kwesbare lede van die publiek te beskerm.




**DIE VIER ELEMENTE VAN 'N UBIG**

- **UNIVERSELE** – is op alle volwassenes van toepassing.
- **BASIESE** – dek basiese noodsaaklikhede.
- **INKOMSTE** – 'n gereelde kontantvoordeel.
- **GEWAARBORGDE** – voorsien as 'n reg.

# Waar vind bedrog in die toelaagstelsel plaas, en op watter skaal??

Bedrog verwys na die maak van valse voorstellings of die doelbewuste misleiding van ander vir finansiële gewin. Met betrekking tot maatskaplike toelaes in Suid-Afrika, vind bedrog plaas wanneer ʼn persoon of persone wat nie geregtig is om geld van maatskaplike toelaes te ontvang nie dit deur doelbewuste misleiding verkry.

Bedrog is ʼn kriminele oortreding in Suid-Afrika. Om as ʼn misdaad te kwalifiseer moet die bedrog opsetlik gewees het en werklike of potensiële onreg teen aan ʼn ander persoon veroorsaak het.

**Ons ontleding toon dat die grootste deel van aangemelde bedrogpraktyke in die maatskapliketoelaagstelsel, volgens waarde, deur staatsamptenare, -werknemers en -kontrakteurs of roofsugtige derde partye soos gelduitleners gepleeg is .. nie individuele begunstigdes van welsyn ondersteuning nie.**

**MAAR**

**Die regering se optrede teen bedrog is gefokus op die polisiëring van individuele begunstigdes van toelaes en die kansellering van toelaes.**

DSD en SASSA rapporteer jaarliks oor bedrog met maatskaplike toelaes en verskaf uiteensettings van die aantal gevalle van bedrog wat by wetstoepassing aangemeld is. Hierdie data dui daarop dat staatsamptenare die oorgrote meerderheid persone uitmaak wat "onregverdig voordeel getrek" het uit die maatskapliketoelaagstelsel.

**Ons ondersoek die verskillende kategorieë van welsynsbedrog hier onder**.

## 1. Bedrog gepleeg deur staatsamptenare en -kontrakteurs

Een van die mees herkenbare vorme van bedrog in Suid-Afrika is bedrog wat gepleeg word deur lede van die staat se binnekring of amptenare wat toegang het tot openbare fondse terwyl hulle deur institusionele prosesse soos verkryging, tenders en die verskaffing van basiese dienste beweeg. Dit val onder die sambreel van staatskorrupsie.

Die afgelope paar jaar is talle hoëprofielkorrupsieskandale in die maatskapliketoelaagstelsel ontdek wat aansienlike media-aandag getrek het en vertroue geskend het. Gevalle van bedrog deur staatsamptenare, -werknemers en -kontrakteurs wat in die media gerapporteer is, sluit die volgende in:


**2025:** ʼn SASSA-takbestuurder span saam met ʼn poskantoorkassier en ʼn privaat persoon om R250 000 se toelaes van begunstigdes te steel deur hul kaarte te dupliseer en onttrekkings te maak voordat die begunstigdes kon.[1]

**2025:** Drie SASSA-amptenare is by die Idutywa- plaaslike kantoor in die Oos-Kaap in hegtenis geneem en was in besit van identiteitsdokumente en onbekende bedrae kontant.[2,3]

**2025:** Agt Johannesburgse SASSA-amptenare onder 11 wat beskuldig word van die diefstal van R260 miljoen van SASSA as deel van ʼn "spookkaart"-sindikaat.[4]

**2022:** ʼn Poskantoorbeampte het na bewering R200 000 in oningevorderde toelaes na homself herlei.[5]

**2018-2023:** ʼn Moontlike bedrog by ʼn SASSA-kantoor



Bron: Vraag NW3149 aan die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, 13 Oktober 2022; SASSA Jaarverslae 2022/23; 2023/24; 2024/25

in Cradock, Oos-Kaap, waardeur toelaes aan 486 "spookbegunstigdes" betaal word en wat meer as R55m. beloop.[6]

**2020-2021:** 'n Poskantoorbestuurder skep spookbegunstigdes in die Poskantoor-/SASSA-stelsel en betaal hulle kunsmatig opgejaagde toelaagbedrae van altesaam R2,2m.[7]

**2018-2021:** SASSA-amptenare verander begunstigdes se bankrekeninge sonder hul medewete en vorder hul toelaes in. Begunstigdes is later R21m. terugbetaal.

**2020:** Die Ouditeur-generaal bevind dat 1 513 SRD-begunstigdes direkteure van maatskappye met staatskontrakte is. Dit is onduidelik of hierdie begunstigdes inkomste uit die kontrakte gehad het ten tyde van hul toegang tot die toelaag (wat die toegang bedrieglik sou maak).[8]

**2014-2022:** 'n Persoon ontvang ongeveer R100 000 in betalings van die toelaag vir ouer persone (OPG) ten spyte daarvan dat hy die eienaar van 'n maatskappy is wat polisiedienstenders ter waarde van R60m. bekom het. Die persoon het versuim om sy ander inkomste aan SASSA bekend te maak.[9]

**2017-2022:** Nog 'n voorbeeld van 'n persoon wat R123 000 in OPG-betalings ontvang het, ten spyte daarvan dat hy die eienaar van 'n maatskappy is wat tenders ter waarde van R88m. toegeken is om die polisie van meubels te voorsien.[10]

**2020:** 'n Verslag van die Ouditeur-generaal van Desember 2021 bevind dat 5 812 "staatsamptenare" in 2020 toegang tot die Covid-19 SRD-toelaag teen 'n koste van R5,8m. verkry het. Opvolgondersoeke deur DSD, SASSA en die DPSA het bevind dat 'n gedeelte van hierdie groep in aanmerking kom vir die toelaag (nie meer in diens van die staat nie). Gegrond op hierdie gepubliseerde bevindinge kan ons raam dat ongeveer 64% van hierdie groep die toelaag bedrieglik verkry het – teen 'n koste van R3,71m.[11]

**2020-2021:** Vier Poskantoor-amptenare manipuleer betalingstelsels, jaag toelaagwaardes kunsmatig op en skep spookbegunstigdes – en bedrieg begunstigdes met R10,2m.[12]

**2018-2019:** Drie SASSA-amptenare span saam met privaat persone om niegestremdes te werf om teen 'n fooi aansoek te doen vir 'n gestremdheidstoelae in Tzaneen, Limpopo – bedrogwaarde van R300 000.

**2018:** Sewe en tagtig beweerde bedrieglike toelaagtransaksies ter waarde van R1,8m. is deur twee SASSA-amptenare in die Oos-Kaap verwerk.[13]

Die regering het nie in die openbaar verslag gedoen oor presies hoeveel geld staatsamptenare die afgelope paar jaar by toelaagbegunstigdes gesteel het nie. Die bogenoemde gevalle verteenwoordig egter minstens **R354,88 miljoen** se bedrog deur staatsamptenare uit maatskaplike toelaes sedert 2014.

## 2. Grootskaalse sekuriteitsoortredings

Nog 'n vorm van bedrog in maatskaplike toelaes is bedrog wat op groot skaal deur eksterne persone of groepe gepleeg word, deur "kraking" of die uitbuiting van kwesbaarhede in die manier waarop toelaes bestuur word. Die prominentste geval van hierdie tipe die afgelope paar jaar was die gebruik van moontlik honderdduisende gesteelde identiteite om aansoek te doen vir Covid-19 SRD-toelaes.

In 2024 is ontdek dat 'n buitengewoon hoë aantal aansoeke deur mense gemaak is wat onlangs 18 geword het (die ouderdom van kwalifisering vir die toelaag).[14] Dit is waarskynlik dat 'n sindikaat bedrieërs die ID-nommers gebruik het van mense wat pas 18 geword het om aansoeke om SRD-toelaes te open voordat die ID-houers dit self kon doen.

Dit is nie duidelik of die identiteitsdiefstal daartoe gelei het dat bedrieglike betalings werklik gemaak is nie. Om toegang tot toelaaggeld te verkry, moes die bedrieërs ook bankrekeninge open en telefoonnommers registreer in die naam van diegene wie se ID's hulle gebruik het.

## 3. Privaat rolspelers wat voordeel trek uit maatskaplike toelaes

'n Derde tipe bedrog in maatskaplike toelaes vind plaas wanneer private rolspelers wins maak uit of toelaagbegunstigdes uitbuit deur middel van misleiding of wanvoorstelling. Dit kan byvoorbeeld behels die aftrekking of afskepping van geld van mense se toelaes sonder magtiging, of roofsugtige bemarking met behulp van vertroulike toegang tot begunstigdes se data. Eersgenoemde word soms ondersoek en vervolg, terwyl laasgenoemde baie selde tot vervolging lei. Onlangse gevalle in hierdie kategorie sluit die volgende in:

**2025:** 'n Onwettige kredietskema waar 'n 61-jarige vrou na bewering onwettig begunstigdes se kaarte behou het om onttrekkings uit hul maatskaplike toelaagrekeninge as leningterugbetalings te maak.[15]

**2025:** 'n Gerapporteerde toename in ongemagtigde aftrekkings van maatskaplike toelaes deur verskaffers van finansiële dienste vir versekerings- en begrafnispolisprodukte wat begunstigdes ontken dat hulle dit uitgeneem het.[16]

**2025:** 'n Aantal webwerwe het die amptelike SASSA-webwerf nageboots om begunstigdes se persoonlike inligting in te win en te verkoop.[17]

**2012-2018:** SASSA-kontrakteur Cash Paymaster Services (CPS) word daarvan beskuldig dat hy sy vertroulike toegang tot inligting oor toelaagbegunstigdes gebruik het om hulle vir roofsugtige finansiële produkte te teiken en onwettige aftrekkings uit toelaes te maak. CPS se kontrak met SASSA is beëindig ná openbare verontwaardiging en veelvuldige regsoptredes.[18]

## 4. Individue ontvang toelaes waarvoor hulle nie kwalifiseer nie

Die laaste tipe bedrog waarvan ons gereeld in die maatskapliketoelaagstelsel hoor, is die probleem van individue wat toegang tot toelaes kry wanneer hulle nie aan die kwalifiserende kriteria voldoen nie (ook bekend as insluitingsfoute). Mense wie se persoonlike inkomste byvoorbeeld bo die middeletoetsdrempel is maar wat nietemin toelaes ontvang en wie se optrede deur die regering as "dubbel voordeel trek" bestempel is.[19]

Wanneer in die media oor bedrog met maatskaplike toelaes deur staatsamptenare gepraat word, is dit in die algemeen die tipe waarna verwys word.[20] Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die toegang tot die toelaes gegrond moes gewees het op 'n opsetlike wanvoorstelling om ingevolge die Suid-Afrikaanse strafreg as bedrog te kwalifiseer. Met ander woorde, toelaagontvangers moes geweet het dat hulle nie in aanmerking kom nie en SASSA doelbewus mislei het. In baie gevalle het mense wat verkeerdelik ingesluit is hulself nie doelbewus verkeerd voorgestel nie, maar doen aansoek omdat

hulle dink dat hulle in aanmerking kan kom. Daarom is dit belangrik om te onderskei tussen "insluitingsfoute" en bedrog.

Onlangs aangemelde gevalle van begunstigdebedrog sluit in:

**2012-2025:** Vier vroue is betrap dat hulle die kinderonderhoudstoelaag (CSG) vir "spookkinders" ontvang het wie se geboortesertifikate vervals is. Gelas om 'n totaal van R61 256 aan die staat terug te betaal.[21]

**2020:** Die regering het beweer dat 4 726 mense die SRD-toelaag van buite die grense van Suid-Afrika ontvang het. Om vir die toelaag te kwalifiseer, moet mense in Suid-Afrika woon, dus kan dit op toelaagbedrog dui – dit is egter nie duidelik of hierdie mense normaalweg in Suid-Afrika gewoon het nie.[22]

**2020:** Die Ouditeur-generaal beweer dat 67 770 SRD-toelaagbegunstigdes moontlik nie in aanmerking kom nie omdat hulle moontlik NSFAS, UIF, ander maatskaplike toelaes of ander inkomste ontvang.[23] Die metodologie waarop hierdie bewering gegrond is, word egter later betwyfel, aangesien die databasisse wat gebruik is om dit te bepaal onakkuraat en verouderd was.

## Wat doen die regering omtrent bedrog met maatskaplike toelaes?

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DSD), SASSA en die Nasionale Tesourie belowe almal om bedrog met maatskaplike toelaes vas te vat. Die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Sisisi Tolashe, het verklaar dat haar prioriteit is om bedrog en korrupsie te bekamp.[24] SASSA het 'n bedrogbestuurseenheid op die been gebring om potensiële bedrog te identifiseer en gevalle te hanteer wanneer dit ontstaan.

Die regering se reaksie op kommer oor bedrog in die toelaagstelsel was om pogings tot armoedebekamping te verskerp; om seker te maak dat toelaes slegs betaal word aan mense wat onder 'n sekere inkomstevlak is.[25] Die probleem hiermee is dat die inkomstedrempels (veral vir die SRD-toelaag) so laag gestel is dat selfs mense met 'n inkomste bo daardie vlak steeds in uiterste armoede kan verkeer en maatskaplike bystand nodig het. Onder die huidige benadering loop mense wat in hierdie kategorie val die gevaar om as "bedrieërs" gebrandmerk te word.

**In plaas daarvan om begunstigdes van maatskaplike toelaes teen roofsugtiges en korrupsie te beskerm, verskerp die Nasionale Tesourie, DSD en SASSA die vereistes vir toelating en kriminaliseer hulle arm moeders, bejaardes en mense met gestremdhede onder die vaandel van bedrogvoorkoming.**

In 2025 het die Nasionale Tesourie voldoeningsvoorwaardes op SASSA se bedryfsbegroting geplaas, wat prosedures en praktyke stipuleer wat SASSA moet instel om onbevoegde toelaagbegunstigdes op te spoor, hul toelaes te kanselleer en hulle moontlik na wetstoepassing te verwys.[26] Hier onder ontleed ons die prosedures, of dit bedrog met maatskaplike toelaes sal kan verminder, en wat die breër uitwerking daarvan sal wees.

| Bedrogvoorkomings-maatreël | Verduideliking | Tipe bedrog geteiken | Doeltreffendheid | Impak |
|---|---|---|---|---|
| Bedrogrisiko-algoritme | SASSA monitor "data en metadata" via 'n "gesofistikeerde algoritme" wat toelaagaansoekers en -begunstigdes aandui wat as 'n "bedrogrisiko" beskou word. | Niekwalifiserende individue – "insluitingsfoute"; sekuriteitsoortredings/ identiteitsdiefstal | **ONBEKEND**<br>Baie min inligting is beskikbaar gestel rakende (1) watter data die algoritme gebruik, (2) op watter logika dit gegrond is en (3) hoe akkuraat dit is om bedrogrisiko te bepaal. | Duisende wettige SRD-toelaagbegunstigdes is deur die bedrogrisiko-algoritme gemerk en moes bykomende biometriese verifikasie navigeer om hul toelaes te ontvang. Baie is nie in staat om dit te doen nie.<br>Internasionaal is getoon dat die algoritmiese profilering van welsynsbegunstigdes diskriminerende en skadelike gevolge vir die kwesbaarstes het.[27] |
| Bankrekening-kontroles | SASSA werk saam met alle groot Suid-Afrikaanse banke om die bankrekeninge van toelaagaansoekers en -begunstigdes gereeld te monitor, om outomaties te bespeur of hulle onvermelde inkomste het. | Niekwalifiserende individue – "insluitingsfoute" | **LAAG**<br>Bankrekeninginvloei is nie dieselfde as inkomste nie. Baie mense het geld in hul bankrekening wat nie hul eie persoonlike inkomste is nie, soos kinderonderhoud of lenings.<br>Die IEJ se navorsing het bevind dat 76% van SRD-toelaagverwerpings gegrond op bankkontroles verkeerd was.[28]<br>Gesinsversorgers, moeders en landelike huishoudings is die meeste geneig om benadeel te word.<br>Om op bankrekeningkontroles staat te maak, spoor mense ook aan om in kontant te handel – dit laat 'n ooglopende skuiwergat vir bedrieërs om te benut. | Bankrekeningkontroles:<br>Sluit 'n groot deel van *kwalifiserende begunstigdes* uit<br>EN<br>Laat ongekwalifiseerde mense toe om die stelsel te manipuleer |

| Bedrogvoorkomingsmaatreël | Verduideliking | Tipe bedrog geteiken | Doeltreffendheid | Impak |
|---|---|---|---|---|
| Kontroles op staatsdatabasisse | SASSA kontroleer aansoekers en begunstigdes outomaties teen staatsdatabasisse, insluitend UIF, SARS, NSFAS en ander, om te verifieer of hulle onvermelde inkomste het. | Niekwalifiserende individue – "insluitingsfoute" | **LAAG** Hierdie databasisse is dikwels verouderd en onakkuraat. SASSA het herhaaldelik erken dat die databasiskontroles nie 'n doeltreffende metode is om middele te verifieer nie. Die Nasionale Tesourie vereis egter dat SASSA hierdie kontroles uitvoer as 'n voorwaarde vir die verskaffing van sy bedryfsbegroting. | Databasiskontroles sluit verkeerdelik tot 'n derde van alle regmatige begunstigdes uit.[29] |
| Kredietburokontroles | SASSA gebruik data wat deur kredietburo's gedeel word om begunstigdes wat daarvan verdink word dat hulle 'n alternatiewe inkomste het outomaties te merk vir persoonlike hersienings. | Niekwalifiserende individue – "insluitingsfoute" | **LAAG** Dit blyk dat die hersieningsbesluite gegrond word op historiese verklarings wat deur begunstigdes gegee is toe hulle om krediet aansoek gedoen het. Baie van hierdie verklarings blyk baie verouderd te wees en nie verband te hou met die begunstigdes se huidige finansiële status nie. | Ontvangers van toelaes vir ouer persone (pensioenarisse) en ontvangers van gestremdheidstoelaes blyk die meeste deur hierdie proses geraak te word – omdat verouderde inligting gebruik word om hulle vir moontlike bedrog te identifiseer – wat verband hou met voordat hulle afgetree het of gestremd geraak het.<br>Dit het daartoe gelei dat honderdduisende bejaardes en gestremdes veeleisende dokumentasie moes bekom en vir etlike dae in rye by SASSA-kantore moes staan om te probeer bewys dat hulle nie 'n inkomste het nie.<br>Dit is onduidelik of die kredietburokontroles daartoe gelei het dat werklike gevalle van bedrog geïdentifiseer is. |
| Persoonlike hersienings | Nadat mense deur die bedrogrisiko-algoritme, kredietburo-, bank- en databasiskontroles gemerk is, moet hulle uitgebreide dokumentasie by 'n SASSA-kantoor indien sodat SASSA hul voortgesette kwalifisering kan bevestig. | Niekwalifiserende individue – "insluitingsfoute" | **LAAG** Om bedrog doeltreffend te voorkom moet hierdie stelsel van persoonlike hersiening toeganklik, doeltreffend en toegerus wees. Ongelukkig het SASSA nie die kapasiteit om die hersienings te verwerk nie. 210 000 mense is in Mei onder hersiening geplaas. Sodra mense onder hersiening geplaas is, het hulle 3 maande om hul hersiening te voltooi, andersins sal SASSA hulle as bedrogsake beskou. SASSA het egter onthul dat hulle slegs die kapasiteit het om 25 000 persoonlike hersienings per maand uit te voer. Baie mense met 'n lae inkomste het nie deurlopende toegang tot dieselfde kontakbesonderhede nie, en kan dus nie kennisgewings van SASSA ontvang dat hulle onder hersiening geplaas is nie. Die voltooiing van 'n hersiening vereis dat mense uitgebreide dokumentasie soos beëdigde verklarings, bankstate, gesertifiseerde identiteitsdokumente en huweliksdokumente bekom. Dit vereis dat hulle met verskeie agentskappe skakel en verskeie kostes aangaan – wat alles hindernisse bied vir diegene met lae inkomste. | Baie mense kon nie toegang tot die proses van persoonlike hersiening kry nie, hetsy weens lang toue by SASSA-kantore, die koste om dokumente te bekom om hul kwalifisering te bewys, die koste van vervoer, liggaamlike gestremdhede of omdat hulle nie kennis ontvang dat hulle onder hersiening geplaas is nie. Vir diegene wat nie hul hersiening binne die vasgestelde tydsbestek kan voltooi nie, het SASSA verklaar dat hulle as bedrogsake beskou sal word en aan wetstoepassing oorgedra sal word, en dat hul toelaes gekanselleer sal word. |

| Bedrogvoorkomingsmaatreël | Verduideliking | Tipe bedrog geteiken | Doeltreffendheid | Impak |
|---|---|---|---|---|
| "Elektroniese Ken Jou Kliënt" (eKYC)/ Bio-metriese verifikasie | SASSA gebruik biometriese inskrywings- en verifikasiemetodes (vingerafdrukke en gesigsherkenning) om die identiteit van toelaagaansoekers en -begunstigdes te verifieer, en homself te beskerm teen die gevaar dat bedrieërs met gesteelde identiteite om toelaes aansoek doen. | Sekuriteitsoortredings, identiteitsdiefstal, eksterne rolspelers | **LAAG TOT MEDIUM** Teoreties kan biometriese identifikasie help om te verseker dat aansoeke eg is. Die stelsel maak egter staat op integrasie met die DHA Smart ID Card-databasis, waarvan die funksionaliteit betwis word. SRD-toelaagaansoekers met groen ID-boekies kan nie hul identiteit verifieer nie. Baie mense ontvang nie die SMS-skakel om te verifieer nie. Baie mense het nie toegang tot die hulpbronne wat nodig is om verifikasie te voltooi nie. Gesigsherkenningstegnologie diskrimineer veral teen vroue van kleur. | Biometriese verifikasie bied 'n onoorkomelike hindernis vir die kwesbaarstes om toegang tot hul toelaes te verkry. Dit sluit op die ou end baie kwalifiserende begunstigdes (dikwels diegene in nood) uit. |
| Biometric user access system | Government officials need to biometrically verify their identity in order to access the internal systems. | Government officials/ employees | **UNKNOWN** Little information is publicly available about the status of this system, its functionality or efficacy. | |

## Hulle kom vir die oumas

### Die regering se bedrogvoorkomingsmaatreëls is stomp instrumente wat baie meer regmatige begunstigdes as bedrieërs uitsluit.

Sedert Mei 2025 is honderdduisende regmatige begunstigdes vasgevang in die net van SASSA se gebrekkige en gesiglose grootdatamoniteringsmasjinerie – gemerk vir "hersiening" deur kredietburo- en databasiskontroles. Hierdie begunstigdes is bejaardes, gestremdes en versorgers.

Desperate bejaardes en gestremdes is gedwing om dae lank by SASSA-kantore in die ry te staan om hul onskuld te probeer bewys. Sommige het mediese noodgevalle ervaar terwyl hulle dit gedoen het. Baie sê dat hulle jare of dekades lank geen inkomste verdien het nie, maar tog loop hulle die gevaar om as bedrieërs gebrandmerk te word op grond van hul historiese kredietdata.

Navorsing toon dat outomatiese verifikasiemetodes deur staatsdatabasisse en banke gelei het tot die onregmatige uitsluiting van tussen 'n derde en die helfte van kwalifiserende aansoekers. Terwyl sommige mense wat wel inkomste het en wat hulle nie aan SASSA bekendgemaak het nie geïdentifiseer sal word en hul toelaes gekanselleer sal word, sal die koste hiervan die kansellasie wees van die toelaes van baie meer verdienstelike begunstigdes wat wel behoort te kwalifiseer.

Bedrog vind plaas in die maatskapliketoelaagstelsel. Maar dit word grootliks gepleeg deur amptenare en roofsugtige geldleners en ander derde partye. Tog, deur die narratief van bedrog te gebruik, gaan die Nasionale Tesourie en SASSA agter kwesbare mense aan.

> ***"Ons staan al** van sesuur vanoggend hier en ons is in die reën, ons bejaardes, en ek weet nie wie enigiets daaraan gaan doen nie [...] ons kom hierheen, ons vul al die vorms in, ons gaan weg, dan kom hulle terug en hulle wil hê nog meer vorms moet ingevul word."*
> *– Pensioenaris staan in die ry in Kaapstad, 21 Julie 2025* [30]

> ***"Tiffany (ons het** haar van weerhou) het weer aansoek gedoen om haar ongeskiktheidstoelaag [..] hierdie maand het sy nie betaling ontvang nie, aangesien SASSA nou wil hê sy moet bewys van egskeiding van haar man toon. Tiffany is al 16 jaar van haar man geskei en weet nie waar hy is nie. "Hy was die een wat my vermink het," het Tiffany, wat met krukke loop, gesê. Sy het geen ander bron van inkomste nie en moes van haar persoonlike besittings verkoop om vervoer en huur te bekostig."*
> *– GroundUp, Durban, Junie 2025* [31]

> ***"Sy het na die SASSA-kantoor gekom om te versoek dat iemand na haar huis kom om met [haar man] te praat, want hy is blind en bedlêend. Sy was gefrustreerd dat sy "haar man vir ure alleen moes los" om te vra hoekom hy nie sy toelaagbetaling kry nie."***
> *– GroundUp, Durban, Junie 2025* [33]

> ***"Ek het my ma om halfses vm. geneem, indien nie 'n bietjie vroeër nie. Duisende mense was in daardie tou wat nie hul pensioene ontvang het nie [..] Hulle het die hele dag gestaan, geleun teen die muur van die winkels. My ma het gesê dit was die ergste ervaring wat sy nog ooit gehad het."***
> *– Dogter van pensioenaris staan in die ry in Bellville, Augustus 2025* [34]


> ***"Ek het al [..] lang toue in die koue ervaar en is saam met my 87-jarige moeder weggewys weens foute op hul digitale vingerafdrukstelsels." [..] As die regering hierdie sektor aanhou verwaarloos, het hulle die kwesbaarste en desperaatste bejaardes in die steek gelaat."***
> *– Dogter van pensioenaris, brief aan die redakteur, GroundUp, Mei 2025* [32]

## Hoe om begunstigdes te beskerms

Bedrog met maatskaplike toelaes ontneem mense van hul regte en keer beperkte hulpbronne weg van diegene wat dit die nodigste het. SASSA beweer dat sy bedrogvoorkomingsmaatreëls bedoel is om regmatige begunstigdes te beskerm en om te verseker dat hul maatskaplike toelaes nie in die hande van bedrieërs beland nie. In werklikheid is die maatreëls wat SASSA (op versoek van die Nasionale Tesourie) aangeneem het egter ondoeltreffend om die tipe bedrog te voorkom wat algemeen in die toelaagstelsel voorkom.

Boonop verewig hulle dít wat hulle oënskynlik veronderstel is om te voorkom – die uitsluiting van kwesbare mense van maatskaplike bystand. Om die maatskapliketoelaagstelsel werklik te beskerm en sy sorgplig teenoor die publiek na te kom moet SASSA, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die regering in die algemeen:

- Weier om die Nasionale Tesourie se ongeskikte, skadelike en potensieel onwettige vereistes vir bedrogvoorkoming te implementeer;
- Wegbeweeg van eng armoedeteikening waar diegene wat nie as die "armste van die armes" beskou word nie as bedrieërs gebrandmerk word;
- Menslike toesig en verantwoordelike rentmeesterskap en aanspreeklikheid verseker van digitale en outomatiese stelsels wat by die identifisering van bedroggevalle betrokke is;
- Fokus op die uitroei van korrupsie onder amptenare en winsnemende private rolspelers;
- Die Nasionale Tesourie in toom hou en proporsionele, gepaste en demokratiese besluitneming oor maatskaplike toelaes verseker, en
- Seker maak dat daar genoeg befondsing is vir almal wat 'n toelaag benodig.



# Erkennings

Die IEJ wil graag vir Abigail May en Vayda Megannon bedank vir hul hulp met die hersiening van hierdie inligtingsstaat.


# Eindnotas


1. Mahamba, C. (2025, August 12). Ex-post office manager loses R140k in pension after Sassa fraud sentence. The Citizen.
2. Chairperson of the Portfolio Committee on Social Development. (2025). Media statement: Committee welcomes arrest of SASSA officials suspected of fraud.
3. Newzroom Afrika. (2025). [Facebook Video].
4. South African Police Service. ( 14 March 2025). Police arrest four SASSA employees for alleged fraud. [Media Statement].
5. Francke, R-L. (2022). Post Office employee allegedly siphoned R200 000 unclaimed Sassa funds. The Star.
6. SASSA Annual Report 2023/24
7. South African Police Service. (2024, July 13). Former Post Office manager in court for Social Grants corruption. [Media statement].
8. Auditor General of South Africa. (2020, December 9). Auditor-general reports significant faults in procurement and contract management processes of covid-19 relief package.
9. Mabuza, E. (2025, March 12). Trial date set for pensioner accused of stealing R100,000 from Sassa. Times Live.
10. Mabuza, E. (2024, October 31). Businesswoman who defrauded Sassa ordered to pay back the money. Times Live.
11. Staff writer. (2022, 19 May). 5,800 government officials were caught for R350 Covid grant fraud – this is what happened to them. Business Tech.
12. South African Police Service. (2022, August 28). Former Post Office officials arrested for siphoning SASSA grant funds [Media Statement].
13. Auditor General of South Africa (2024, October 9). Budgetary review and recommendations report (BRRR): Portfolio Committee on Social Development.
14. Cedras, J. & Gosai, V. (2024, October 14). We discovered massive fraud in SASSA's grant system. GroundUp.
15. South African Social Security Agency. (2025, August 7). SASSA welcomes arrest of suspect for fraud and illegal grant card loan scheme. [Media statement].
16. South African Social Security Agency. (2025, August 14). SASSA concerned over unlawful deductions on social grants. [Media statement].
17. Parliamentary Monitoring Group. (2025, February 26). Investigations concerning vulnerabilities in SRD grant application and payment system; Court judgment on constitutional validity of SRD regulations; with Minister and Deputy Minister. [Meeting report].
18. Open Secrets. (2021). Digital Profiteers: Who profits next from social grants?
19. South African Social Security Agency. (2025, May 27). Grant Payment Delays for Potential Double-Dippers - SASSA Targets Beneficiaries with Undisclosed Income. [Media Statement].
20. The Clement Manyathela Show. (2025, July 8). SASSA reviews eligibility of grant recipients. Radio channel 702.
21. Times Live. (2025, February 28). Four Sassa fraudsters ordered to pay back the money.
22. South African Social Security Agency. (2020, November 20). SASSA leaves no stone unturned to fight fraud on social grants system. [Media statement].
23. Auditor General of South Africa. (2020, December 9). Auditor-general reports significant faults in procurement and contract management processes of covid-19 relief package.
24. Department of Social Development. (2025, September 15). Minister Tolashe advances drive to curb fraud in grant system.
25. South African Social Security Agency. (27 May 2025). Grant Payment Delays for Potential Double-Dippers - SASSA Targets Beneficiaries with Undisclosed Income. [Media Statement].
26. Parliamentary Monitoring Group. (2025, 16 September). DSD briefing on conditions set by National Treasury and disbursement of grants by SASSA: Standing Committee on Appropriations. [Meeting report].
27. Human Rights Watch. (2023, June 13). Automated Neglect: How The World Bank's Push to Allocate Cash Assistance Using Algorithms Threatens Rights.; Amnesty International. (2023, December 4). Serbia: World Bank-funded digital welfare system exacerbating poverty, especially for Roma and people with disabilities.; Amnesty International. (2024, November 12). Denmark: Coded Injustice: Surveillance and Discrimination in Denmark's automated welfare state.; Amnesty International. (2025, July 10). "Too much technology, not enough empathy": How the UK's push to digitalize social security harms human rights.
28. Howson, K., & Baduza, S. (2025). Systemic Exclusion from a South African Social Assistance Transfer. Agence Française de Développement.
29. Goldman, M., et al. (2021). Simulation of options to replace the special COVID-19 Social Relief of Distress grant and close the poverty gap at the food poverty line. WIDER Working Paper, No. 2021/165.
30. Van Der Rede, M. (2025, July 21). CT SASSA grant recipients left frustrated after having to queue in cold, wet conditions. Eyewitness News.
31. Daniels, N. (2025, August). Sassa 'review' leaves thousands of desperate beneficiaries in limbo. IOL.
32. Bracken, J. (2025, June 7). Pensioners desperate for clarity after not receiving grants in June. Ground Up.
33. Bracken, J. (2025, June 7). Pensioners desperate for clarity after not receiving grants in June. Ground Up.
34. Damons, M., & Gontsana, N-A. (2025, May 7). We visited SASSA offices. Here's what we found. Ground Up.


**Hierdie feiteblad is deel van ons reeks oor 'n gewaarborgde universele basiese inkomste (UBIG) in Suid-Afrika. Besoek ons spesiale UBIG-portaal deur die QR-kode te skandeer.**

**Feiteblaaie in hierdie reeks is:**

1. Waarom het Suid-Afrika 'n gewaarborgde universele basiese inkomste nodig?
2. Niemand bly agter nie: Waarom universele basiese inkomste meer sin maak as geteikende toelaes
3. Werksgeleenthede versus toelaes: Is werk en basiese inkomste 'n wedersyds uitsluitende beleidsuitruiling?
4. Hoe 'n UBIG gesonder kinders, gelukkiger volwassenes en 'n leeftyd van leer kan ondersteun
5. Hoe 'n UBIG gender-geregtigheid en maatskaplike kohesie kan bevorder
6. Nie net 'n uitdeelstuk nie: hoe UBIG mense bemagtig om voorspoedig te wees
7. "But how will we pay for it?" Financing a UBIG (English only)
8. Modellering van fiskale roetes tot 'n basiese inkomste
9. Werksoekvoorwaardelikheid is net slegte beleid: Waarom 'n basiese inkomste sonder voorwaardes moet wees
10. 'n Ware veiligheidsnet: Hoe 'n UBIG die Geregtige Energie Transisie kan ondersteun
11. Prioriteit nommer een: Hoe 'n UBIG kan help om honger te verslaan
12. The pitfalls of poverty targeting: The drivers and impacts of widespread exclusion from the SRD grant
13. Hulle kom vir die oumas: Suid-Afrika slaan toe op "welsynsbedrog"

www.iej.org.za